

**15 September**

**Skrifgedeelte: Matteus 4:12-25**

**Fokusgedeelte: Matteus 4:19 (1933/53- en 1983-vertaling)**

### **Jesus roep jou as dissipel**

Die twee broers, Petrus en Andreas, het al voorheen met Jesus kontak gehad (Joh. 1:37-39). Toe het hulle na Jesus toe gegaan, nou kom Jesus na hulle toe. Hy roep hulle om grondleggers te wees van sy kerk. Hulle sou die oog- en oorgetuies van sy woorde en daede hier op aarde wees.

Sy roeping bring hulle voor 'n ingrypende keuse, hierna sou hulle lewe nooit weer dieselfde wees nie. Jesus se roeping hou in dat hulle lewe met Hom vervleg raak. Hulle keuse maak hulle deel van Jesus se eie sending, dit maak hulle een met Hom en maak van hulle iets anders as wat hulle tot nou toe was. Hulle gaan nou vissers van mense word. Die Heilige Gees het hulle voorberei vir hierdie oomblik, hulle huiwer nie om alles te los en te volg nie – al weet hulle nie wat op hulle wag nie.

So het Jesus vir elke volgeling van Hom 'n unieke roeping. Wat altyd dieselfde bly, is dat Jesus se roeping jou lewe ingrypend verander. Wanneer jy gehoor gee aan sy roeping, word die taak waarvoor sy Vader Hom aarde toe gestuur het, ook jou taak. Sy roeping vra dat jy sal offer wat ook al nodig is om Hom te volg. Wanneer jy gehoor gee aan sy roeping, gaan jy 'n veranderingsproses binne waarin die Gees van jou 'n instrument maak wat by jou unieke opdrag pas.

Die Evangelies beskryf veral Petrus se pad waarin die Gees hom tot so 'n instrument in God se hand omvorm het. Elke volgeling se pad loop anders, elkeen se roeping vra unieke offers. Maar elkeen se roeping maak hom of haar deel van Jesus en sy taak, die Gees vorm jou tot die mens wat God kan gebruik. Elkeen se roeping vra om 'n beslissende keuse om Jesus te volg, maak nie saak wat dit vir jou gaan inhou nie. Wat dit wel inhou, is dat jy nooit weer sonder Jesus of sy Gees of sy en jou Vader sal leef nie.

*Sing: Skrifberyming 12-2:4*

*Prof. G (Gert) Breed (Teologiese Skool)*